higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

16 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 D
1.3 A
1.4 B
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Kriminoloë
2.2 Forensiese kriminologie
2.3 Kundiges
2.4 Werkswinkel
2.5 Slagofferblamering
2.6 Geweldsmisdade
2.7 Roetineaktiwiteite
2.8 Demografiese eienskappe
2.9 Dissipline
2.10 Ondervraging

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 G
3.2 F
3.3 A
3.4 C
3.5 E

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Waar
4.2 Onwaar
4.3 Waar
4.4 Waar
4.5 Waar
4.6 Onwaar
4.7 Waar
4.8 Waar
4.9 Onwaar
4.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige VYF (5) punte toegeken word.

- Adolessente en jong volwassenes ervaar die hoogste koers van misdaadviktimisasie. Die risiko van misdaadviktimisasie bereik 'n hoogtepunt op die ouderdom van 18 tot 21 en neem dan af met ouderdom.
- Lewenstyl is 'n faktor wat beduidend tot hierdie groep se kwesbaarheid bydra. Jongmense is betrokke by aktiwiteite buite hul tuisomgewing. Hulle loop derhalwe gevaar om misdaadviktimisasie te ervaar, soos aanranding, roof, en afspraakverkragting. As daar beperkte toesighouding deur ouers of versorgers is, kan hierdie jongmense self by misdadige aktiwiteite betrokke raak, soos alkohol- en dwelmmisbruik, en bendebedrywighede.
- Misdade teen jong volwassenes word waarskynlik in mindere mate by die polisie aangemeld as misdade teen volwassenes. Indien hulle tydens die misdaad beseer word, is hulle ook minder geneig om mediese hulp te ontbied. Dit lei tot die gevaar van sekondêre viktimisering. Behoorlike mediese voorligting is noodsaaklik om sommige van die nadelige gevolge te verminder of te voorkom, soos depressie, of moontlik selfs selfmoordneigings.
- Adolessente en jong kinders het weinig lewenservaring en is dus meer geneig om slagoffers/prooi van uitbuiting te word.
- Die internet verhoog hul kwesbaarheid vir seksuele predatore. Pedofiele gebruik die internet as 'n medium om vriendskappe met niksvermoedende kinders te sluit, wat tot seksuele viktimisering kan lei. (5)

5.2 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige VYF (5) punte toegeken word.

- Voorafgaande viktimisering is 'n goeie voorspeller van herhaalde viktimisering en indien dit voorkom, is dit geneig om gou ná die vorige voorvalle te wees. Byvoorbeeld, daar is bevind dat huise waar ingebreek is kwesbaar is vir herhaalde inbrake, omdat die oortreders weet dat die gesteelde items vervang sal word, wat 'n aantreklike teiken skep.
- Hoe groter die aantal voorafgaande viktimiserings, hoe hoër die waarskynlikheid van herhaalde viktimisering. Die risiko vir verdere viktimisering neem toe met elke voorafgaande voorval, en lei dikwels tot 'n reeks viktimiseringsgebeure.
- Herhaalde viktimisering is die hoogste in hoëmisdaadgebiede of -omgewings en dieselfde oortreders is dikwels verantwoordelik vir die grootste deel van die herhaalde oortredings.

(5)

- Sekere lewenstyle kan ook tot herhaalde viktimisering lei. Byvoorbeeld, sekuriteitsbeamptes wat groot hoeveelhede kontant vervoer, is kwesbaar vir herhaalde viktimisering as gevolg van die hoë voorkoms van kontanttransito-rooftogte.
- Daar is ook toenemende bewys dat mense wat herhaaldelik geviktimiseer word, oënskynlik self by strafwaardige of misdadige aktiwiteite betrokke is. Hierdie aanname hou verband met die geweldsiklusverskynsel.

5.3 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige VYF (5) punte toegeken word.

- Misdaad kan uit ’n geregtelike of nie-geregtelike perspektief geïnterpreteer word. Indien ons die geregtelike interpretasie gebruik, kan ons misdaad definieer as ’n handeling (iets wat ’n persoon doen), of late (iets wat ’n persoon versuim om te doen) wat ’n reg skend. Voordat die handeling of versuim as ’n misdaad omskryf kan word, moet dit deur Suid-Afrika se strafreg as ’n misdaad erken word en ’n geskikte straf moet aan die handeling of versuim toegeken word.
- Verskeie nie-geregtelike interpretasies van misdaad, ook bekend as die maatskaplike omskrywing van misdaad, bestaan. Uit hierdie perspektief kan alle handelinge wat die samelewing benadeel as misdade beskou word. Dit impliseer dat dit ’n misdaad is om ’n persoon se beweging of spraak te beperk of om hom of haar toegang tot onderwys of werk te weier. Handelinge soos rassisme, ouderdomsdiskriminasie en geslagsdiskriminasie is ook misdadig as dit uit hierdie perspektief beskou word.
- ’n Debat woed oor die sluiting van toegangspaaie vir sekere gemeenskappe. Een groep dink dat hulle die reg het om ter wille van hul veiligheid toegang in hul gemeenskappe te weier en te monitor, en dus hul reg op lewe te beskerm. ’n Ander groep dink dat padsluitings, selfs al is dit wettig, grondwetlik betwisbaar is, omdat dit ander mense se menseregte skend, soos hul reg op vryheid van beweging. Die reg laat gemeenskappe toe om aansoek te doen om, en indien goedgekeur, toegangspaaie te sluit en monitor. Die aansoekproses kan egter baie moeilik wees, wat daartoe lei dat lede van sommige gemeenskappe toegangspaaie sonder die nodige toestemming sluit.
- Volgens die nie-geregtelike interpretasie van misdaad het elke groep ’n geldige punt uit die perspektief van menseregte. Die regterlike interpretasie van misdaad is onomwonde. Omdat dit volgens die reg onwettig is dat ’n gemeenskap paaie sluit sonder die nodige toestemming, kom dit op misdaad neer. Nog ’n voorbeeld is dat die besit van alkohol nie as ’n misdaad beskou word nie, terwyl dit wel ’n misdaad is om in besit van dwelms te wees. Indien iemand wat drink egter op iemand se reg op veiligheid inbreuk maak, het dit ook regsgevolge.
- Ten slotte word handelinge slegs as ’n misdaad opgeteken as dit regtens as ’n misdadige oortreding geïnterpreteer en opgeteken is. Amptelike misdaadstatistiek weerspieël dus net dit wat deur die staat as misdaadvoorvalle geïnterpreteer word. (5)

5.4 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige VYF (5) punte toegeken word.

- Mense se lewens en die gehalte van hul lewens word deur hul sosio-ekonomiese situasie beïnvloed. Dit sluit in om werk te hê, die infrastruktuur in ’n gemeenskap, soos gesondheidsorg, skole, paaie, water en elektrisiteit, en die lewenstandaarde van die mense wat in die gemeenskap woon. Mense wat in landelike onderontwikkelde gebiede woon, het ’n laer lewenstandaard as diegene wat in ontwikkelde stedelike gebiede woon. Dit spruit uit die beskikbaarheid van infrastruktuur soos krag, paaie, selfoondienste en betroubare vervoer.
- Die gebrek aan polisiekantore in landelike gebiede asook die geografiese posisies van sommige polisiekantore kan dus mense se toegang tot dienste wat deur die polisie gebied word, beperk.
- In hierdie verband is die afstand wat mense na die naaste polisiekantore moet aflê en die beskikbaarheid van vervoer om daar te kom, twee faktore wat die optekening van misdaad kan beïnvloed.
- Mense wat in landelike onderontwikkelde gebiede woon, kan boonop onkundig wees oor hul regte en die prosedure wat hulle moet volg as hulle ’n misdaad wil aanmeld. Dit kan gevoelens van hulpeloosheid tot gevolg hê. Hulle kan verder ook maatskaplike instellings soos die staat en polisie wantrou, veral as hierdie instellings as korrup beskou word.
- Vir mense wat werkloos en ongeletterd is en beperkte toegang tot basiese infrastruktuur het, is die lewe ’n groot uitdaging. Hul stryd om oorlewing het tot gevolg dat die aanmelding van ’n misdaad nie vir hulle ’n prioriteit is nie. Hulle sal dus nie moeite doen om ’n misdaad aan te meld as hulle nie maklik toegang tot ’n polisiekantoor het nie. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Ja. (1)

6.2 Vrees vir misdaad, negatiewe voorafgaande ervarings met misdadigers en persepsies van polisieondoeltreffendheid kan die aanmelding van misdaad beïnvloed. (3)

6.3 Ja. (1)

6.4 Polisiekantore bestaan dalk nie, vervoer na polisiekantore is dalk nie beskikbaar nie en afstande kan ’n probleem wees. (2)

6.5 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige TIEN (10) punte toegeken word.

- Viktimisering verwys na voorvalle waar mense deur misdadigers leed aangedoen word. Hierdie gedrag kan herhaaldelik voorkom.
- Navorsing dui daarop dat sekere mense of groepe meer vatbaar is vir herhalende viktimisering as gevolg van hul persoonlike eienskappe en gedrag, soos alkohol- en dwelmmisbruik.
- Sommige mense word makliker as nadere geviktimiseer, soos enkellopendes, vroue, kinders en bejaardes. Hul verhouding met die dader/oortreder speel dikwels ’n rol in gevalle van huishoudelike geweld en mishandeling.
- Slagoffersteundienste het ten doel om emosionele ondersteuning en praktiese hulp te bied om die sielkundige skok en trauma van misdaadviktimisasie te versag.
- Dit kan bereik word deur misdaadslagoffers vir berading en ander professionele dienste te verwys, soos om mediese beroepslui te spreek.
- Slagoffersteundienste kan help om herhaalde viktimisering te voorkom en te verminder deur misdadigers te adviseer en te lei na ’n voorkomende lewenstyl, en deur bewustheid van die risiko’s van misdaad te skep.
- Navorsing dui aan dat lewenstyl as ’n risiko vir misdaadviktimisasie kan dien. Steundienste is dus belangrik omdat dit misdaadslagoffers bemagtig om verantwoordelikheid vir hul lewens te aanvaar en stappe te doen om herhaalde viktimisering te voorkom. (10)

6.6 **Aantekening aan die nasiener:**
Enige DRIE (3) van die volgende vir EEN (1) punt elk.

- Polisie se interpretasies van misdaad
- Polisiekorrupsie
- Persepsies van polisieonbevoegdheid
- Geografiese beperkings (byvoorbeeld, afstande en vervoertekorte)
- Polisie se tegnologiese wanfunksionering (3)

Kopiereg voorbehou

6.7 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige TIEN (10) punte toegeken word. Laat studente se eie interpretasie toe.

- Die omgewing waar mense in interaksie tree, is ’n faktor wat tot slagofferkwesbaarheid kan bydra. Sekere areas van die omgewing bevat meer misdadige aktiwiteite, wat die risiko van misdaadviktimisasie verhoog.
- Studies het bevind dat misdaad meer in stedelike as landelike gebiede plaasvind. In hierdie verband dui Suid-Afrika se misdaadstatistiek van 2006/2007 daarop dat 72.7% van alle rooftogte met verswarende omstandighede gepleeg is in swart townships soos Tembisa, Mamelodi-East, Khayelitsha, KwaMashu en Umlazi, en in sentrale sakegebiede. Die rede hiervoor is dat stedelike gebiede dikwels gekenmerk word deur groot informele nedersettings waar armoede en werkloosheid voorkom.
- Dit is moeilik om hierdie gebiede te polisieer omdat daar dikwels geen straatligte, strate, of identifiseerbare adresse is nie. Die gebrek aan hierdie infrastruktuur dra tot slagofferkwesbaarheid by.
- Navorsing toon ook dat die armste woongebiede die hoogste risiko vir viktimisering het.
- Dit kan wees omdat diegene wat arm en/of werkloos is geen ander keuse het as om in gebiede te woon wat meer tot misdaad geneig is nie, soos die binnestad, informele nedersettings en die sentrale sakedistrik.
- Mense wat naby gebiede woon waar die voorkoms van misdaad baie hoog is, is meer kwesbaar vir misdaadviktimisasie.
- Byvoorbeeld, mense wat naby informele nedersettings woon waar die voorkoms van armoede en werkloosheid hoog is, loop die gevaar om slagoffers van inbraak en roof te word.
- In teenstelling hiermee loop mense wat in hoë-inkomstegebiede woon die gevaar om slagoffers van gewelddadige kapings en residensiële rooftogte te word. Hulle het dikwels beter veiligheidstelsels. Misdadigers gebruik dikwels hierdie veiligheidstelsels tot hul voordeel.
- Vermaaklikheidsplekke waar mense sosialiseer, is dikwels ook meer uitgelewer aan misdaad. Dit is omdat alkoholgebruik en -misbruik daartoe kan lei dat mense makliker teikens vir viktimisering word.
- ’n Hoë aantal begeerlike items, soos motors, is ook beskikbaar in ’n gesentraliseerde gebied. (10)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Aantekening aan die nasiener:
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige TWINTIG (20) punte toegeken word. Laat studente se eie interpretasie toe.

MODEL	FOKUS	VOORBEELD
Model vir maatskaplike misdaadvoorkoming	Hierdie model fokus op maatskaplike instellings (gesinne, skole, kerke en werkplekke) aen hul rol daarin om mense prososiale of misdadige waardes en norme te leer. Die model skenk veral aandag aan kwesbare groepe, soos jongmense, bejaardes, armes en werkloses om die risiko te verlaag dat hulle by misdaad betrokke raak of misdaadslagoffers word.	Regeringsbeleid vir die opknapping van stedelike en landelike gebiede, voorkoming van misdaad en voorsiening van beter behuising en geriewe.
Model vir die beperkte geleentheid vir misdaad	Die model poog om geleenthede te beperk vir mense om misdaad te pleeg deur te fokus op potensiële misdaadslagoffers, die gemeenskap en omgewing.	Programme fokus op die jeug, byvoorbeeld opvoedkundige programme en programme om gesonde ontspanningsaktiwiteite soos sport en kulturele aktiwiteite te bevorder.
Die gemeenskapsgebaseerde misdaadvoorkomingsmodel	Hierdie model het ten doel om misdaad te voorkom deur potensiële misdadigers bewus te maak van die gevare, risiko's en gevolge daarvan om in spesifieke woonbuurte betrap te word.	Stedelike en omgewingsbeplanning om omgewingsmisdaad-risikofaktore te verminder, soos die gebruik van GKTV in sakegebiede, en om informele nedersettings op te gradeer, deur byvoorbeeld sanitasie te verbeter en aandag aan ander probleemareas te gee.

Model vir biofisiese voorkoming	Die model het ten doel om misdaad te voorkom deur middel van vroeë behandeling van mense, veral kinders met fisieke en verstandelike gestremdhede, wat hulle vatbaar vir misdadige en afwykende gedrag maak.	Om mense op te voed om meer veiligheidsbewus te wees. Buurtwag, burgerlike patrollies, gemeenskapspolisiëring en gemeenskapslede wat mekaar se eiendom en veiligheid bewaak.
Model vir sielkundige behandeling	Hierdie model fokus op die behandeling van mense met sielkundige behoeftes en versteurings wat vatbaar vir misdadige gedrag kan wees, byvoorbeeld kleptomanie, wat 'n kompulsiewe drang is om te steel.	Mediese behandeling van slagoffers, en medikasie. Terapeutiese behandeling, byvoorbeeld terapie, berading en gedragsmodifikasie. Rehabilitasieprogramme wat fokus op alkohol- en dwelmafhanklikheid. Berading is daarop gerig om emosionele probleme soos depressie, stres en aggressie te behandel.
Model vir geïntegreerde misdaadvoorkoming	Hierdie model gebruik aspekte van verskillende ander misdaadvoorkomingsmodelle om verskeie risikofaktore wat misdadige gedrag kan veroorsaak, te hanteer. Die strafregsplegingstelsel is gemoeid met misdaadbeheer deur middel van wette en die funksionering van die SAPD, howe en korrektiewe dienste.	Verskillende departemente volg 'n multidimensionele benadering tot misdaadvoorkoming, byvoorbeeld die polisie bestry misdaad, howe vervolg misdadigers en korrektiewe dienste gee aandag aan die oortreder se rehabilitasiebehoeftes.
Model vir openbare gesondheids-analogie	<u>Primêre</u> misdaadvoorkoming voorkom die aanvanklike ontwikkeling van die probleem. <u>Sekondêre</u> misdaadvoorkoming fokus op individue en situasies wat vroeë tekens van die probleem vertoon. <u>Tersiêre</u> misdaadvoorkoming hou verband met stappe om herhaling van die probleem te vermy.	<u>Primêr</u> Omgewingsontwerp, buurtwagprogramme, inisiatiewe vir voorkoming van maatskaplike misdaad, private sekuriteit. <u>Sekondêr</u> Gemeenskapspolisiëring, voorkoming van situasionele/omstandigheids-misdaad, skoolvoorkomingsprogramme <u>Tersiêr</u> Rehabilitasie, behandeling

[20]

OF

VRAAG 8

8.1 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige TIEN (10) punte toegeken word. Laat studente se eie interpretasie toe.

- Ja.
- Met die styging in misdaad in Suid-Afrika en die toenemende wantroue in polisiedienste het die mark vir meer gespesialiseerde sekuriteitsdienste gegroei, wat tot die vestiging van die private sekuriteitsbedryf gelei het.
- Die rol van hierdie sekuriteitsinstellings is soortgelyk aan dié van die polisie, naamlik misdaadreaksie, misdaadvoorkoming en die gevangeneming van oortreders. Hulle speel 'n nuttige rol in misdaadvoorkoming en -vermindering as 'n 'kragvermenigvuldiger' vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).
- Die private sekuriteitsbedryf verdien dus die aandag van kriminoloë.
- Die private sekuriteitsbedryf is tans een van Suid-Afrika se snelgroeindste bedrywe. Kriminoloë se gespesialiseerde kennis van misdaad en misdaadvoorkoming het tot gevolg dat die kriminologiedepartement aan verskeie universiteite en kolleges kursusse vir werknemers in hierdie bedryf ontwikkel.
- 'n Voorbeeld van so 'n kursus is die Kursus in Sekuriteitspraktyk wat deur UNISA aangebied word.
- Die kursus word oor 'n periode van nege maande aangebied en dek aspekte soos basiese beginsels van veiligheidsrisikobestuur, inleiding tot Suid-Afrikaanse Reg en prosedures vir ondersoeke.
- Private sekuriteitsmaatskappye verrig baie van dieselfde funksies as die openbare polisie en is aanspreeklik teenoor die reg asook die regulerende gesag vir die private sekuriteitsbedryf (PSIRA) vir hul optrede.
- Kriminoloë speel 'n belangrike rol in die sekuriteitsektor deur voorspraak te maak vir die ontwikkeling van tersaaklike wetgewing en regulasies om hierdie bedryf te bestuur.
- Kriminoloë wat in die veld belangstel, kan ook van hul gespesialiseerde kennis gebruik maak en met rolspelers in alle sektore van Suid-Afrika saam te werk om oplossings vir veiligheids- en sekuriteitsvraagstukke te vind.
- Byvoorbeeld, sommige kriminoloë werk saam met die polisiedienste en private sekuriteitsmaatskappye aan plurale polisiëring.
- Plurale polisiëring behels alle rolspelers in polisiëring, wat strek van polisiediens tot buurtwagspanne. Lede werk saam om misdaad te verminder.

(10)

8.2 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer enige TIEN (10) punte toegeken word. Laat studente se eie interpretasie toe.

- 'Misdaadvoorkoming' en 'misdaadvermindering' is wesenlik dieselfde. Albei is kombinasies van handelinge wat ontwerp is om die voorkoms van misdaad asook die skade wat daarmee gepaard gaan te minimaliseer en/of te elimineer.
- Kriminoloog professor Steven P Lab sê: "Misdaadvoorkoming behels enige handeling wat daarop gerig is om die werklike vlak van misdaad en/of die waargenome vrees vir misdaad te verminder." Met ander woorde, enige optrede wat misdaad of die vrees vir misdaad sal verminder, kan as 'n konsep by misdaadvoorkoming inpas.
- Dit is nie moontlik om te voorkom dat alle misdade plaasvind nie, maar dit is moontlik om die vrees vir misdaad en die uitwerking daarvan te verminder.
- Misdaadvoorkoming en -vermindering is tradisioneel as die verantwoordelikheid van slegs die polisie beskou. Deesdae is 'n verskeidenheid staats- en private rolspelers betrokke. Suid-Afrika se Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) is 'n bekende nieregeringsorganisasie wat by die voorkoming en vermindering van misdaad betrokke is.
- Die twee konsepte het effens verskillende oogmerke. Misdaadvoorkoming is meestal gemoeid met voorkomingsgeleenthede, terwyl misdaadvermindering 'n risikobestuursbenadering volg (die waarskynlikheid dat misdaad plaasvind, tesame met die gevolge indien dit plaasvind).
- In maatskaplike misdaadvoorkoming is staats- en private rolspelers gemoeid met risikoversagting in huishoudings (vermindering van die risiko van misdaad deur dwelms, alkohol, fisieke prevalensie en so meer uit te skakel).
- Die onderskeid tussen die twee terme is so minimaal dat die ooreenkomste – wat almal daarop gerig is om nadeel/skade te verminder – belangriker word. (10)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou